Die plek en betekenis van die Universiteit van die Vrystaat (UV) in die tradisie van die "Kosmonomiese Filosofie"

D.F.M. Strauss
Skool vir Filosofie
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOMKAMPUS

dfms@cknet.co.za

Abstract

The phrase Cosmonomic Philosophy *designates a particular philosophical tradition which emerged in* The Netherlands *during the first part of the 20th century, founded by H. Dooyeweerd and D.Th. Vollenhoven from the* Free University of Amsterdam*. H.G. Stoker made this new philosophical trend known in South Africa. A student from* The University College of the Orange Free State *(UKOVS), Herman Strauss, followed this up by studying with Herman Dooyeweerd during the late thirties. After his return to South Africa he was appointed at UKOVS as the first adherent of the "Wysbegeerte der Wetsidee". During the fifties Dooyeweerd published his four volume* Philosophy of the Cosmonomic Idea*. This philosophy explored positive elements of the Christian worldview in the line of Augustine, Calvin, Bilderdijk, Groen van Prinsterer and Abraham Kuyper, while taking critical distance from the Roman Catholic medieval synthesis as well as from modern Humanistic philosophy. During early modern philosophy Bodin introduced the term "sovereignty" to characterize the sovereignty of the government as the highest authority within society. Groen van Prinsterer and Kuyper "downsized" this legacy to account for the* limited *competence of each societal entity, designating what they termed the* principle of sphere sovereignty*. Dooyeweerd expanded the scope of this principle also to bear upon all dimensions of temporal reality in his search after a* non-reductionist ontology*. In his later development Dooyeweerd*

increasingly directed his attention to a refinement of what he called a transcendental critique of theoretical thought*, aimed at uncovering the* ontic conditions *making possible scholarly thinking – both on the theoretical and supra-theoretical level. During the fifties proff. Rassie Venter and Pieter de Bruyn Kock were appointed in the Department of philosophy at the University of the Free State (as it is currently named) and both explored the implications of the transcendental critique in their publications and scholarly interactions with philosophers from other orientations. It is noteworthy that by the end of the twentieth century C.A. Van Peursen said that Dooyeweerd's philosophy is today more relevant than ever and that many books written within the domain of philosophy of science should not have been written (cf. Van Peursen, 1995:79-94), had the authors first read Dooyeweerd. During the seventies three new philosophers were appointed, Danie Strauss, Kobus Smit and Johan Visagie. Danie Strauss, who received his PhD from the Free University of Amsterdam, further explored the challenge in articulating a non-reductionist ontology. Johan Visagie developed a unique systematic account of the conditions holding for scholarly thinking (in his "Archaeological Discourse Theory"), while Kobus specialized in philosophical anthropology, ethics and medical ethics. The contribution of the UFS to the further development of the* Philosophy of the Cosmonomic Idea *is particularly reflected in the fact that in 2011 the Board of the* Association for Reformational Philosophy *in the Netherlands awarded the* Herman Dooyeweerd Prize *to Danie Strauss for work in the field of systematic philosophy embodied in his book "Philosophy: Discipline of the Disciplines" (2009). Recently three new philosophers (with a background in continental philosophy), were appointed, namely Helen Cawood, Pieter Duvenhage (Head of the Department) and Johann Rossouw.*

Opsomming

Die uitdrukking "kosmonomiese Filosofie" verwys na 'n bepaalde wysgerige tradisie wat gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu in Nederland ontwikkel het. Die grondleggers daarvan was H. Dooyeweerd en D.Th. Vollenhoven van die Vrije Universiteit van Amsterdam*. H.G. Stoker het hierdie wysgerige denkrigting in Suid-Afrika bekend gemaak. 'n Student van die* Universiteitskollege van die Oranje Vrystaat *(UKOVS) Herman*

Strauss, het in opvolging hiervan gedurende die laat dertigerjare by Herman Dooyeweerd in Amsterdam gaan studeer. By sy terugkeer na Suid-Afrika is hy as die eerste aanhanger van die "Wysbegeerte der Wetsidee" aan die UKOVS aangestel. Gedurende die jare vyftig het Dooyeweerd sy vier-delige hoofwerk in Engels gepubliseer, A New Critique of Theoretical Thought*. Hierdie filosofie het die positiewe elemente van die Christelike siening van die werklikheid in die lyn van Augustinus, Calvyn, Bilderdijk, Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper verder ontwikkel en wel deur tegelyk krities stelling in te neem teenoor die middeleeuse sintese van die Rooms-Katolisisme en teenoor die modern Humanistiese filosofie. Met die opkoms van die moderne filosofie het Bodin die term "soewereiniteit" ingevoer om die bevoegdheid van die regering as die hoogste gesag in die menslike samelewing aan te dui. Groen van Prinsterer en Kuyper het hierdie erfenis getemper en diensbaar gemaak aan die idee van die begrensde bevoegdheid van elke samewlingsvorm. Daarvoor is die uitdrukking* soewereiniteit-in-eie-kring *in gebruik geneem. Dooyeweerd het die reikwydte van hierdie beginsel vergroot deur dit op alle dimensies van die tydelike werklikheid van toepassing te maak in sy strewe na 'n nie-reduksionistiese ontologie. In sy latere denkontwikkeling het Dooyeweerd sy aandag toenemend toegspits op die verfyning van wat hy as die transendentale kritiek van die teoretiese denke bestempel het. Sy bedoeling was om die ontiese kondisies wat wetenskaplike denke moontlik maak uit te lig – beide met betrekking tot die teoretiese en bo-teoretiese vlak. Gedurende die jare vyftig is proff. Rassie Venter en Pieter de Bruyn Kock in die Departement Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Hulle het die implikasies van die transendentale kritiek in hul publikasies verder deurvors, ook in wetenskaplike diskussies met denke vanuit ander oriëntasies. Dit is vermeldingswaardig dat C.A. Van Peursen teen die einde van die twintigste eeu geskryf het dat Dooyeweerd se Filosofie vandag meer as ooit relevant is en dat talle boeke wat binne die veld van die wetenskapsteorie geskryf is nie geskryf sou word as die outeurs eers van Dooyeweerd kennis geneem het nie (vgl. Van Peursen, 1995:79-94). Gedurende die jare sewentig is drie nuwe filosowe aangestel met name Danie Strauss, Kobus Smit en Johan Visagie. Danie Strauss, wat aan die* Vrije Universiteit in Amsterdam *gepromoveer het, het veral gefokus op die uitdaging om die idee van 'n nie-reduksionistiese ontologie verder uit te werk.*

In sy "Archaeological Discourse Theory" het Johan Visagie 'n unieke sistematiese verantwoording ontwikkel van die kondisies wat wetenskaplike denke moontlik maak, terwyl Kobus hom verdiep het in die domein van die wysgerige antropologie, etiek en mediese etiek. Die bydrae van die UV tot die verdere ontwikkeling van die Wysbegeerte van die Wetsidee word ondermeer gereflekteer in die gegewe dat die Nederlandse "Board of the Association for Reformational Philosophy*" in 2011 by die* Vrije Universiteit die Herman Dooyeweerd Prize *aan DFM Strauss toegeken het vir werk in sistematiese filosofie soos beliggaam in sy geskrif,* Philosophy: Discipline of the Disciplines *(2009). Onlangs is drie nuwe filosowe (met 'n agtergrond in kontinentale filosofie) in die Departement Filosofie aangestel, met name Helen Cawood, Pieter Duvenhage (Departementshoof) en Johann Rossouw.*

1. Inleidend

Normaalweg word die vak Wysbegeerte of Filosofie aan Westerse universiteite sodanig aangebied dat dit aan studente ook 'n perspektief op die geskiedenis van die filosofie gee. Dit bied tegelyk die geleentheid om die wysgerige tradisie waarin die betrokke filosofie-department staan ook te verduidelik. Hoewel die positivisme die pleit gevoer het vir die ideaal van 'n "objektief-neutrale" wetenskap (en filosofie) wat uitsluitlik op sintuiglike waarneming ("sense data") berus, het verdere ontwikkelinge in die wetenskapsteorie van die 20ste eeu aan die lig gebring dat hierdie ideaal onhoudbaar is. Dit blyk veral ook prominent uit die geskiedenis van sowel die filosofie as die verskillende vakwetenskappe wat deurkruis word met uiteenlopende en meestal wederkerig-uitsluitende strominge en standpunte. As die aanspraak van die positivisme insake objektief-neutrale wetenskap waar was, sou geen vak 'n betekenisvolle geskiedenis besit het nie.

Kort voordat hy in 1977 oorlede is, het Dooyeweerd opgemerk dat hy dit nie erg sal vind as die invloed van sy wysgerige nalatenskap 50 jaar later gekwyn het nie, hoewel sy verwagting was dat sy transendentale kritiek van duursame betekenis sou blyk te wees. Aangesien die werklike toedrag van sake na die oordeel van die outeur van hierdie artikel presies teenoorgesteld is, was dit nodig om later in die artikel aan te toon dat die transendentale kritiek as gevolg van die nalewende Kantiaanse invloed in die denke van

Dooyeweerd agterhaal is, terwyl die vrugbaarheid van Dooyeweerd se nie-reduksionistiese filosofie die belofte van verdere voortgaande uitbouing bevat. Dit sal blyk dat die Departement Wysbegeerte aan die UV aan beide hierdie elemente aandag gegee het.

In die eersvolgende paragraaf oor *historiese agtergrondperspektiewe* word vlugtig aandag geskenk aan sekere historiese wortels van hierdie wysgerige tradisie, wat via Abraham Kuyper teruggryp na Johannes Calvyn en na die Aristotelies-Thomistiese siening van die menslike samelewing. Van laasgenoemde het die *Kosmonomiese Filosofie* distansie geneem onder meer deur die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring verder uit te bou. Dit word gedoen deur op die doodloopsweë van die opposisie tussen atomisme (individualisme) en holisme (unisersalisme) te wys. Deur tegelyk ook terug te gaan na die *nominalistiese* beweging van die laat-Middeleeuse filosofie word belangrike vertrekpunte vir die ontwikkeling van die moderne humanistiese wysbegeerte ook kontrasterend na vore gebring. Die waardering van Dooyeweerd se transendentale kritiek en sy bydrae tot ’n nie-reduksionistiese ontologie vorm die verborge goue draad wat telkens in die verdere uiteensetting en terloopse verwysings na relevante historiese gebeurtenisse sal deurskemer. Bykomend belig die gebeure wat in herinnering geroep word die bereidwilligheid van die *Kosmonomiese Filosofie* aan die UV om krities in gesprek te tree met andersdenkendes en ook onderling – vlugtig geïllustreer deur die gesprek tussen Dooyeweerd en Strauss oor die *Gegenstandrelasie* (wat sentraal in die transendentale kritiek staan). Ten slotte word daarop gewys dat die *Kosmonomiese Filosofie* se plek aan die UV en bydrae tot Dooyeweerd se filosofie in die klem op sistematiek en vakwetenskaplike relevansie gesien moet word. Waar hierdie wysgerige tradisie deurlopend aan alle ander wysgerige strominge (histories en kontemporêr) aandag gegee het, is die omgekeerde ongelukkig nie waar nie.

Telkens word inhoudelik-insigtelike argumente en sistematiese onderskeidinge op so ’n wyse vermeld dat die leser tegelyk ook uitgenooi word om *mee te dink* oor die problem waarna verwys word.

2. Historiese agtergrondperspektiewe

Vanuit historiese perspektief gesien was dit die Departemente Filosofie en Staatsleer wat aan die Universiteit van die Vrystaat grootliks in die reformatories-wysgerige tradisie gestaan het. Soms word na hierdie denkskool ook as die Amsterdamse filosofie verwys, of na *De Wijsbegeerte der Wetsidee* (WdW), met as grondleggers die twee Nederlandse filosowe, Herman Dooyeweerd en D.Th. Vollenhoven. Die term "Calvinisties" is ook aanvanklik gebruik, maar met die verskyning van die Engelse vertaling van *De Wijsbegeerte der Wetsidee* het Dooyeweerd pertinent afskeid van die kwalifikasie "Calvinistiese wysbegeerte" geneem. In 'n subparagraaf stel hy dit tewens: "Why I reject the term Calvinistic philosophy" (Dooyeweerd, 1997-I:524). Die term *Wetsidee* is ook vervang met die term *cosmonomic idea* (*cosmo* = creation/reality en *nomos* = law). Gevolglik staan die WdW sedertdien ook bekend as die *Philosophy of the Cosmonomic Idea*. In lyn hiermee sal ons vervolgens ook na die *Kosmonomiese Filosofie* verwys.

Die ontwikkeling van die reformatories-wysgerige tradisie in Nederland gryp uiteraard terug na die Reformasie in die sestiende eeu en na die baanbrekende werk wat Abraham Kuyper in die laat negentiende eeu verrig het. Beide Calvyn en Kuyper het egter nog in verskeie opsigte onder die invloed van Grieks-Roomse opvattinge gestaan, veral in hul antropologie en samelewingsbeskouing. Thomas Aquinas was van mening dat die menslike verstand (*ratio*) slegs "verwond" en derhalwe nie radikaal deur die sondeval getref is nie. Calvyn beroep hom gevolglik op die "eenstemmigheid" van die kerklike tradisie dat die sondeval die "rede" "gewond" het (Calvyn, 1931-I:258). Calvyn sluit by Augustinus aan insake die siening dat die sonde die mens van sy bo-natuurlike gawes beroof het – met verwysing na *geloof* en *liefde* (Calvyn, 1931-I:271).[1] In sy antropologiese opvattings worstel Kuyper eweseer met die dualistiese sintese-poging van die Middeleeuse skolastiek, onder meer wanneer hy tussen 'n sondige "ik" en 'n (dieper) sondelose "ik" ("tweërlei ik") onderskei (sien Kuyper, 1932:438, 320, 325 en 336).

1 Calvyn kontinueer ook nog 'n dualistiese siening op die verhouding van siel en liggaam – soos onder meer blyk uit sy verwysing na wanneer die siel uit die "kerker van die vlees losgemaak" word (Calvyn, 1931-I:173).

Bykomend is Kuyper se siening van die samelewing en die staat nog onder die invloed van die organologiese oriëntering van Aristoteles met sy dubbele doelmatigheidsorde. Daarvolgens is die gesin die *kiemsel* van die samelewing, terwyl die staat as 'n *sedelike organisme* gesien word (sien sy werk *Ons Program,* asook sy tweedelige werk, *Antirevolutionaire Staatkunde*).[2]

Hierdie Aristotelies-Thomistiese erfenis, wat as gevolg van die sintese-poging tussen die Griekse kultuur en die Christendom uitgeloop het op die teenstelling van natuur en genade, sou met die oorgang na die moderne tyd die disintegrerende effek van die laat-skolastiese nominalisme ervaar. Willem van Ockham (1290-1350) het naamlik 'n element van willekeur in sy opvatting van die almag van God ingevoer. Hy praat van 'n despotiese willekeur (*potestas Dei absoluta*) waardeur God nie aan menslike wette gebonde is nie. Christus kon ewe goed as 'n esel geïnkarneer en 'n moraliteit van *self-liefde* geproklameer het– as uitdrukking van die handelinge van 'n *Deus exlex* ('n arbitrêre, willekeurige God).[3]

Die element van *willekeur* wat in hierdie nominalistiese opvatting opgesluit lê, sou die vroeg-moderne sekulariseringsproses inlui, want om willekeur vas te stel word 'n *normatiewe maatstaf* benodig. Dit beteken dat willekeur – as iets *antinormatief* – 'n eienskap van wetsonderworpe skepsele is.[4] Die implikasie is dat God aan sy eie skeppingswet onderworpe is en dit het daartoe gelei dat die strewe na *outonome menslike vryheid* God se rol sou oorneem – die mens as *self-wet-steller*, is *outonoom* geag.

---

2 Dit het gelei tot Kuyper se siening dat slegs die huishoof stemgeregtig behoort te wees – *organiese kiesreg*. In 1969 het die Suid-Afrikaanse politikus, Andries Treurnicht, 'n inleidingsartikel (in *Hoofstad*) oor 'n belastingkwessie in Frankryk geskryf. Dit het gehandel oor die vraag of 'n vader met kinders wat reeds selfstandig werk en geld verdien maar wat nog tuis woon *self* as kinders belasting moet betaal en of die vader alternatiewelik *namens* hierdie kinders belasting moet betaal. Treurnicht, wat sy proefskrif oor Kuyper onder leiding van Murray (Universiteit van Kaapstad) geskryf het, was van mening dat die vader namens die kinders belasting moes betaal – *organiese belastingbetaling*! In 1891 merk Kuyper byvoorbeeld op dat die Franse revolusie se klem op volwasse mans tekortskiet want "[T]ey not even understand the demand that the starting-point should be in the *family*" (see Kuyper, 1891:92).

3 Vollenhoven merk op dat "wat Ockham als wijsgeer verwerpt aanvaardt hij als geloovige" (Vollenhoven, 1933:221).

4 Teenoor willekeur as *antinormatiewe subjektiwiteit* staan *norm-gehoorsame subjektiwiteit* en nie "objektiwiteit" nie.

Op hierdie punt het die weë van die moderne Humanisme en die Reformasie egter geskei. Jean Bodin (1530-1596) het die idee van die *soewereiniteit* van die owerheid, as hoogste samelewingsgesag, na vore gebring. Hy verwerp weliswaar die ongebreidelde magswillekeur van Machiavelli (1469-1527) se staatsteorie en meen gevolglik dat die owerheid aan beide die natuurreg en die goddelike reg gebonde is (Mayer-Tasch, 1981:35; Bodin, 1981:211) en wel omdat hy ook die klassieke natuurregsbeginsel dat verdrae eerbiedig moet word aanvaar (*pacta sunt servanda*).[5] Nogtans herinner Bodin se opvatting van soewereine mag as "*summa … legibusque soluta potestas*" ons aan die opvatting van Ockham insake die vermeende absolute, despotiese willekeur van God (*potestas Dei absoluta*). Daarom beskryf Mayer-Tasch dat Bodin se benadering as 'n keuse ten gunste van die "klassieke formule van politieke absolutisme" gesien moet word (Mayer-Tasch, 1981:35). Sy oortuiging dat soewereiniteit absoluut en ondeelbaar is, verleen aan die staat 'n absolute en oorspronklike kompetensie tot die vorming van (statutêre) reg op sy territorium.[6]

Hierteenoor was Calvyn geensins te vinde vir die nominalistiese oortuiging dat God ontrou sal wees aan die skeppingswette wat vir skepsele daargestel is nie. Hy aanvaar gevolglik glad nie die siening van 'n willekeurige God (*Deus exlex*) nie. Vollenhoven bring Calvyn se uitdrukking "Deus legibus solatus" in verband met sy afwysing van 'n aristokratiese nominalisme waarin die absoluutheid van vorstelike gesag vooropgestel word (Vollenhoven, 1933:295-296).

In die loop van die 19de eeu is die *begrensde bevoegdhede* van onderskeie samelewingsvorme deur Groen Van Prinsterer en Abraham Kuyper met die frase *soewereiniteit-in-eie-kring* aangedui. Hiermee wou hierdie reformatoriese denkers wegkom van die staatsabsolutistiese en totalitêre implikasies wat sowel in die atomisties-individualistiese as organologies-holistiese samelewings-

5 Volgens Bodin blyk die absolute mag van die soewereine heerser uit die feit dat wette gemaak kan word waaraan die onderdane sonder hul instemming gebonde is (Bodin, 1981:222).

6 Hierdie siening weerspieël die relatief-ongedifferensieerde aard van die middeleeuse samelewing wat deur die Rooms-Katolieke kerk, as bonatuurlike genade-instituut, gedomineer is.

beskouings van die moderne tyd opgesluit lê. Laasgenoemde is beliggaam in Rousseau se siening van die bo-individuele volkswil. Volgens hom is hierdie volkswil deur die sosiale verdrag tot alles gemagtig (Rousseau, 1975:247).[7] Sy siening is egter voorafgegaan deur die atomisties-individualistiese tradisie wat in die gangbare verdragsteorieë aangetref word. Hierdie teorieë probeer om op 'n spekulatief-hipotetiese wyse rekenskap te gee van die vermeende ontstaan van 'n geordende (staatlike) samelewing. Die universalistiese oriëntasie van die na-Kantiaanse vryheidsidealisme (Schelling, Hegel en Fichte) daarenteen is, op die voetspoor van Rousseau se almagtige volkswil, gedrenk in 'n organologies-holistiese samelewingsbeskouing wat in die moderne tyd ondermeer gestalte gekry het in die lewensfilosofie en nasionaal-sosialisme.

Wat Dooyeweerd as die "religieuse grondkonsepsie" van Kuyper bestempel het in sy artikel oor Kuyper se wetenskapsleer (Dooyeweerd, 1939:193 e.v.), gryp eintlik, via Groen van Prinsterer (1801-1876), terug na opvattinge van Willem Bilderdijk (1756-1831) – veral bekend as grondlegger van die Nederlandse *Réveil*. Reeds in 1786 het Bilderdijk 'n sonderlinge sonnet geskryf: *De Wareld*. Nie alleen vat hy daarin oorsigtelik die hele geskiedenis van die filosofie saam nie, want tegelyk bring hy die grondkonsepsie van Kuyper tot uitdrukking, naamlik dat alles wat bestaan aan God behoort, van hom afhang en ons oproep om Hom te eer[8] – vgl. slegs die laaste tersine:

> Dus vraagde ik reis op reis, tot God mij 't antwoord gaf:
> Hij sprak: 't bestaan is 't mijn'; wat is, hangt van mij af,
> De wareld is mijn stem, en roept u, mij te vrezen.

Kuyper sou die idee van die afhanklike betrokkenheid van die werklikheid op God verder artikuleer in sy omvattende verstaan van God se wet vir skepsele *binne die grense van onderskeie sfere*. Soos vermeld, het hy, in navolging van Groen van Prinsterer, die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring na vore gebring. Weliswaar het hy dit slegs op die menslike samelewingsvorme van toepassing

7 Die Franse teks lees: "... ce qui ne signifie autre chose sinon qu'on le forcera à être libre" (Rousseau, 1975:246)! ["... Dit beteken niks minder nie as dat so 'n persoon gedwing sal word om vry te wees".]

8 Bosch waardeer Bilderdijk gevolglik tereg as *wysgerige historie-vormer* (Bosch, 1961:228-240).

gemaak. Dooyeweerd sou egter verder gaan deur dit 'n sleutel-element van sy nie-reduksionistiese ontologie te maak – ook toepaslik op die natuurryke (stof, plant en dier) en op die verskillende (kringsoewereine) werklikheidsaspekte.[9] Hierdie ontwikkeling hang daarmee saam dat Dooyeweerd besef het dat die Bybelse uitgangspunt van die Reformasie die hart as religieuse sentrum en volle selfheid van die mens se bestaan geraak het en juis vanuit daardie wortel-diepte vernuwend na alle sektore van die lewe moes deurwerk, insluitende die terrein van die wetenskap (Dooyeweerd, 1996:1).

3. Die verbindingslyn na Suid-Afrika

Een van die gevolge van hierdie nuwe wysgerige denkrigting wat aan die *Vrije Universiteit van Amsterdam* gedurende die derde dekade van die 20ste eeu ontstaan het, is dat Hendrik Stoker (verbonde aan die destydse *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* – the PUvCHO), dit in van sy geskrifte bekend gestel het, ondermeer in 'n werk met die titel: *Die Nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit van Amsterdam* (1933). In dieselfde jaar het hy ook sy eie benadering, bekend as die *Wysbegeerte van Skeppingsidee*, bekend gestel (sien Stoker, 1933a). Later is grondgedagtes van die "Kosmonomiese Filosofie" aan die toenmalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUvCHO) vrugbaar gemaak deur J.A.L. Taljaard, Theo van der Merwe en Bennie van der Walt – 'n tradisie wat tot op hede ook in Noordwes-Universiteit te Potchefstroom lewenskragtig voortleef.

Studente aan die destydse *Universiteitskollege van die Vrystaat* (UKOVS) het in 'n akademiese studiekring van hierdie nuwere wysbegeerte kennis geneem. Een van hierdie studente, wat in 1931 as eerstejaarstudent aan die UKOVS begin studeer het, Herman Strauss, het in 1937 'n studiebeurs na Duitsland ontvang waar hy

9 Dooyeweerd verkies natuurlik om van kosmologie eerder as ontologie te praat, omdat hy wil wegkom van die spekulatiewe synsbegrip. Nogtans praat hy by geleentheid van "constante ontische modale structuren" en verduidelik die term onties dan in 'n voetnoot soos volg: "Onder 'ontisch' is te verstaan datgene wat *in de orde der werkelijkheid zelve*, en niet in onze *theorie* daarover, is gegrond" (Dooyeweerd, 1941:7) Twee bladsye verder praat hy ook van die *ontiese samehang* tussen aspekte (Dooyeweerd, 1941:9).

verder in die ekonomie wou studeer. Hy het by *Frau Schirmacher Onken* geloseer (Siegelhäußer Landstrasse 121, Heidelberg) en sou spoedig opmerk dat Hitler met 'n *oorlogsekonomie* besig was. Toe hy bowendien uitvind dat die beurs waarmee hy studeer vanuit Nazi-kringe bewerkstellig is, het hy na 'n aantal maande in Heidelberg sy studiebeurs prysgegee en met sy erfgeld verskuif na Amsterdam om onder meer ook by Dooyeweerd te kon studeer. Sy hoofvak was egter Ekonomie (by P.A. Diepenhorst) en slegs een van sy byvakke vir die doktoraaleksamen was Dooyeweerd se *Algemene Regsleer* (wat bekendheid verwerf het as die *Ensiklopedie van die Regswetenskap* en "Oud-Vaderlansche Recht") maar wat ook tans nog slegs in Diktaat-formaat beskikbaar is – met die uitsondering van die *Inleiding tot die Regsensiklopedie* wat tans by *Paideia Press*, Grand Rapids(VSA) in druk beskikbaar is.

Betyds reagerend op die voortekens van die komende Tweede Wêreldoorlog, keer Herman Strauss in 1938 na Suid-Afrika terug en begin in die vroeg-veertiger jare sy akademiese doseerloopbaan aan die UKOVS op basis van 'n tydelike aanstelling (12 periodes per week – in Sosiologie, Ekonomie en Staatsfilosofie). Toe die Departement Sosiologie sy periode-verpligting verminder – waarmee sy tydelike aanstelling sou verval – het professor G.H.T. Malan (uit die skool van die logiese positivisme) wat ook sedert die begin-veertiger jare aan UKOVS in die Departement Filosofie verbonde was, meer lesings in Staatsfilosofie aan hom opgedra. Sy motivering was dat, indien Herman Strauss UKOVS sou verlaat, daar nie meer 'n verteenwoordiger van die *WdW* (Wysbegeerte van die Wetsidee) op die kampus sal wees nie – wat 'n intellektuele verarming sou inhou.

> *Historiese opmerking*:
> Prof. W.S. Johnson was vanaf 1904 tot 1911 gelyktydig dosent in Wysbegeerte en Engels, maar in 1911 is prof. T.M. Forsyth as hoogleraar aangestel waar hy tot in die vroeg-dertigerjare werksaam was. Hy is opgevolg deur dr. N. Diederichs (aan Hegel se filosofie geörienteer), terwyl 'n verdere dosent aan die begin van die jare veertig aangestel is, die bo-vermelde G.H.T. Malan (Barnard & Fourie, 2006:32, 103).

4. Aanvanklike kritiese gesprekvoering

Prof. Malan het met belangstelling kennis geneem van hierdie nuwe denkrigting en in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 'n artikel oor

"Die Eerste (Getals-)Kring van Dooyeweerd" geskryf (Oktober 1949, pp.101 e.v.). Dooyeweerd self het in die Engelse vertaling van sy hoofwerke, wat in vier dele met die titel *A New Critique of Theoretical Thought* (NC) tussen 1953 en 1958 verskyn het, geantwoord op die gedagtes wat Malan geopper het (sien Dooyeweerd, 1997-II:83-90).

Die gevolg van die verskuiwing na staatsfilosofie het egter die grond voorberei vir die onafhanklike Departement Staatsleer wat 'n normale hoofvak-opsie sou word, sy-aan-sy met Sosiologie, Geskiedenis, die taalvakke, Filosofie en ander kultuurwetenskaplike dissiplines. Herman Strauss was dus die eerste dosent aan UKOVS wat aan die reformatories-wysgerige tradisie georiënteer was (sy eweknie by die PUvCHO was prof J.A.L. Taljaard wat nader aan Vollenhoven, die swaer van Dooyeweerd, gestaan het).[10]

Gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu het beide proffesore E.A. Venter en P. de B. Kock betrekkings in die Departement Wysbegeerte aanvaar. Beide was in die reformatories-wysgerige tradisie geskool, hoewel prof. Rassie Venter aanvanklik Wysbegeerte aan die Universiteit van Kaapstad studeer het. Die aanstelling van hierdie kollegas het gepaard gegaan met die verskyning van die bovermelde 4-delige *Magnum Opus* van Dooyeweerd, *A New Critique of Theoretical Thought* (NC).

Prof. Rassie Venter het onmiddellik die transendentale kritiek se resultate benut, onder meer in sy geskrif oor "Die ontwikkeling van die Westerse denke" (1955). Daarin gee hy gestalte aan die uitkoms van hierdie kritiek, wat onder meer vereis dat tussen die wysgerige grondidee[11] en die bo-teoretiese, rigtinggewende grondmotief van 'n denker onderskei moet word. 'n Soortgelyke weg is gevolg deur Herman Strauss in 'n werk, *Christelike Wetenskap*,

10 Na sy aftrede in 1977 het Herman Strauss lid geword van die Presidentsraad se *Staatkunde Komitee* waar hy 'n belangrike bydrae gelewer het om die onreg van die Apartheidsverlede te help regstel. Soos in sy doseerloopbaan het hy die idee van die regstaat vooropgestel en deurlopend daarop gewys dat die vraag nie is *wie* regeer nie, maar *hoe* regeer word.

11 Die wysgerige grondidee of transendentale grondidee omvat drie transendentale ideë, 'n idee van die onderlinge verhouding en samehang van die werklikheidsverskeidenheid, 'n idee van die diepere eenheid en totaliteit daarvan en 'n idee van die oorsprong. Dooyeweerd gebruik die woord "transendentaal" met appèl op die ontiese kondisies wat, in hierdie konteks, teoreties-wetenskaplike denke as sodanig eers moontlik maak.

Roeping en Stryd (Bloemfontein: SACUM Beperk – 1953). 'n Bespreking van hierdie werk deur prof. C.K. Oberholzer (in *Die Hervormer* van September 1954) het Herman Strauss daartoe beweeg om in *Die Gereformeerde Vaandel* (Junie 1955) hierop te reageer. Oberholzer het vanuit die hoek van die eksistensiële fenomenologie en die positivistiese neutraliteitspostulaat kritiek gelewer, maar ongelukkig het sy bespreking nie aan die basiese eise vir 'n resensie beantwoord nie – soos in besonderhede deur Herman Strauss aangetoon is (sien Strauss, 1955:15 e.v.).

Die geskrif oor die geskiedenis van die filosofie van Rassie Venter is deur Johan Degenaar (Universiteit van Stellenbosch) geresenseer en op grond daarvan is Degenaar uitgenooi om 'n waardering van die transendentale kritiek te gee. Sy artikel oor die metode van die transendentale kritiek het in *Die Gereformeerde Vaandel* van Junie 1956 verskyn – en in dieselfde uitgawe het Venter daarop geantwoord. Uit hierdie interaksie was dit duidelik dat Degenaar nie daarin kon slaag om die werklike betekenis van Dooyeweerd se transendentale kritiek te verstaan nie – en dat hy ook nie sy eie wysgerige posisie kon deursien nie.

In sy reaksie wys Venter daarop dat daar 'n tyd was toe die humanisme 'n sterk eenheidsfront geopenbaar en min teenstand ondervind het. Toe kon die Duitse idealisme nog met 'n mate van reg poseer as "die" filosofie en elke andersoortige filosofie bloot doodswyg of doodskreeu. Hy gee dan 'n breë skets van die wysgerige stand van sake op daardie tydstip, waarin die Thomisme en die nuwe reformatoriese filosofie naas die Humanisme ook 'n plek vind. Die Humanisme val self in talryke, selfs antitetiese, denkrigtings uiteen, met name die "enkele idealiste (volgelinge van Croce, Bruschvicg, Parodi), die neo-positiviste (erfgename van Wittgenstein, wat mekaar onderling die erfenis betwis), die eksistensialiste (Heidegger, Marcel, Sartre, Le Senne, Jaspers, e.a. – ook maar nie 'n gelukkige familie nie), die fenomenologie (wat, soos ons gesien het, nie eens 'n familie genoem kan word nie), die Engelse empiriste, die Amerikaanse konstruksioniste, die sintese-filosowe (Loen e.a.), ens." (Venter, 1956:26).

En dan tipeer hy Degenaar se relatief-ondergeskikte posisie in die lig van die voorgaande:

> Êrens by één van hierdie vertakkinge (of 'n vertakking van een van die vertakkinge) van die hedendaagse humanisme vind

> dr. Degenaar sy geestelike tuiste. Maar hy is volkome onbekwaam om in te sien dat hy eintlik in 'n hoogs geïsoleerde posisie verkeer. Nee, met dogmatiese geslotenheid teenoor alle ander (veel meer belangrike) rigtings en strominge, proklameer hy sy eie kleine standpunt tot …. 'die moderne denke' (Venter, 1956:26).[12]

Venter vermeld dan ook Degenaar se siening van "die moderne denke" wat, "so lui dit apodikties", anti-metafisies is, op hoor en antwoord i.p.v. sien en insien berus, eskatologiese denke is, die outonomie van die rede verwerp, en so meer. Waarop hy antwoord: "Hierdie stellings is eenvoudig net nie waar nie. Is Heidegger miskien antimetafisies? Berus die logiese positivisme op hoor en antwoord? Is die Amerikaanse konstruksionisme eskatologiese denke? Is die neo-thomisme irrasionalisties?"

Aan die einde van sy antwoord reageer Venter met skerp akademiese humor op 'n beledigende opmerking van Degenaar:

> Dr. Degenaar was so vriendelik om te sê dat ek bes moontlik ook nog 'n bydrae sal kan lewer tot die wysgerige wetenskap. Terwyl ek bloos, bedank ek hom baie hartlik vir hierdie aanmoediging. Mag ek nou in ligte luim afsluit en die vertroue uitspreek dat die dag ook nog eens sal aanbreek dat ek 'n soortgelyke kompliment aan dr. Degenaar sal kan maak? (Venter, 1956:29; sien ook Venter, 1970:123).

In hierdie verband moet daarop gewys word dat Dooyeweerd reeds sedert die twintigerjare van die vorige eeu die resultate van die wetenskapsteorie vooruitgeloop het. Die wetenskapsteorie het tewens van die positivistiese ideaal van 'n objektief-neutrale wetenskap afskeid geneem deur onder meer daarop te wys dat "feite" slegs binne 'n teoretiese verwysingsraamwerk (*paradigma*) in sig

12 Nadat Rassie Venter in 1958 beroerte gehad het, is daar 'n tydelike dosent met neo-positivistiese oortuigings aangestel. Herman Strauss het waargeneem as Departementshoof en hierdie nuwe kollega versoek om voort te gaan met die tweede semesterkursus van die derdejaars waarin Dooyeweerd se samelewingsleer behandel moes word. Die kollega het egter beswaar daarteen aangeteken op grond daarvan dat Dooyeweerd 'n bepaalde standpunt inneem maar dat hyself dit nie kan doen nie, omdat hy geen standpunt het nie. Daarop het Herman Strauss geantwoord: Dit is uitstekend en skep geen probleem nie – as die kollega immers geen standpunt besit nie, dan maak dit mos hoegenaamd nie saak wat hy doseer nie – en kan hy net sowel Dooyeweerd se samelewingsleer aanbied!

kom. Gould skryf tereg: “Facts have no independent existence in science or in any human endeavor; theories grant differing weights, values, and descriptions, even to the most empirical and undeniable of observations” (Gould, 2002:759). Die wetenskapsteoretici het ook ingesien dat die *vertroue* in die rasionaliteit van die menslike rede nie self rasioneel is nie. Popper kritiseer die positivisme se “irrational faith in reason” (Popper, 1966-II:230-231), terwyl De Vleeschauwer ook beklemtoon: “’n Volstrekte «voraussetzungslose» [voorveronderstellinglose] wetenskap is derhalwe reeds vanuit ’n suiwer rasionele standpunt beskou, onmoontlik. Die laaste realiteit waartoe die kennisleer ons dryf, is ’n akte van geloof in die denke” (De Vleeschauwer, 1952:244). Gadamer praat ook van die *Verligting* se “discreditation of all prejudices” en vra erkenning daarvoor dat daar “legitimate prejudices” is (Gadamer, 1998:276-277). Stegmüller stel pertinent dat ’n self-geborgheid van die menslike denke, op watter gebied ookal, nie bestaan nie, ’n mens moet eers in iets glo, alvorens iets anders regverdig kan word (Stegmüller, 1969:314). Waarop uiteindelik geappeleer word is diepste rigtinggewende oortuigings (“ultimate commitments”). Hiermee word bloot bevestig wat Dooyeweerd van meet af beklemtoon het in sy transendentale kritiek: teoretiese denke word moontlik gemaak deur ’n bo-teoretiese grondmotief en ’n wysgerige grondidee (’n drieeenheid van transendentale idees).

Dit verklaar waarom C.A. van Peursen, ’n persoon wat oor meerdere dekades krities gestaan het teenoor die filosofie van Dooyeweerd, nie so lank gelede nie verklaar het dat Dooyeweerd se filosofie tans meer relevant as ooit is en dat talle boeke wat binne die gebied van die wetenskapsfilosofie geskryf is, nie geskryf sou gewees het indien hierdie outeurs eers gelees het wat Dooyeweerd geskryf het nie (sien Van Peursen, 1995).[13]

Pieter de Bruyn Kock het sy aandag toenemend toegespits op die kritiese gesprek wat rondom die transendentale kritiek van Dooyeweerd ontstaan het. Hy het in die besonder ingegaan op die

13 Die gevierde Afrikaanse skrywer en digter, D.F. Malherbe, die eerste professor in Afrikaans in Suid-Afrika (verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat), het na sy aftrede Dooyeweerd se filosofie bemeester en toe opgemerk dat hy graag sy doseerloopbaan oor sou wou hê, sodat hy die nuwe insigte wat die *Wysbegeerte van die Wetsidee* bied, kon gebruik.

kritiek van Stoker en Van Riessen (uit die kring van geesverwante) en op die "Kritiek van andersingestelde Christendenkers" soos Vincent Brümmer, A.L. Conradie, C.A. Van Peursen en F. Kuyper (sien Kock, 1973:43-61; 62-93).

Op 30 Julie 1973 het daar aan die Universiteit van Stellenbosch 'n gesprek oor Christelike wetenskap tussen D.F.M. (Danie) Strauss en André du Toit plaasgevind. Die kruks van André se argument is gesentreer in sy opmerkings oor die algemeen-aanvaarde wetenskaplike metode. Indien iets soos Christelike wetenskap sou bestaan dan moes dit immers aan kriteria beantwoord wat Christelik is. Omdat nie alle wetenskaplikes Christene is nie, mag die voorstanders van Christelike wetenskap dalk met iets wat Christelik is besig wees, maar dit is beslis nie *wetenskap* nie. Uiteraard behoort geldige wetenskaplike denke gehoorsaam te wees aan die bekende vier logiese beginsels (identiteit, non-kontradiksie, uitgeslote derde en toereikende grond). Die probleem is egter – en Danie Strauss het onmiddellik daarop gewys – dat die intuïsionistiese standpunt in die wiskunde die beginsel van die uitgeslote derde nie aanvaar nie. Is hierdie standpunt as gevolg daarvan nou gediskwalifiseer as wetenskaplike standpunt? André du Toit wou nie hierdie vraag beantwoord nie, want hy was nie voldoende op hoogte met die grondslae van die wiskunde nie.

Indien egter aangeneem word dat André wel die beginsel van die uitgeslote derde aanvaar bestaan slegs twee opsies: (a) die intuïsionistiese wiskunde is 'n geldige wetenskaplike standpunt in die wiskunde of (b) dit is nie.

Indien (a) geld word die oorspronklike aanname dat slegs diegene wat al die (logiese) reëls van die wetenskapspel aanvaar die status van wetenskaplikheid besit, opgehef (toepassing van die logiese beginsel van non-kontradiksie). Indien (b) aanvaar word ontstaan die vraag waarom die intuïsionistiese wiskunde nie eerder korrek is in die verwerping van die universele toepaslikheid van die beginsel van die uitgeslote derde nie? Die implisiete reaksie suggereer egter dat die intuïsionisme se posisie onhoudbaar is omdat hulle bloot 'n klein minderheid in die wêreld van wiskundiges vorm. Dit beteken egter dat daar nou van 'n nuwe kriterium gebruik gemaak word, naamlik die *meerderheidsbeginsel*. Is dit die meerderheid wat besluit dat die meerderheidsbeginsel geldig is? Dit lewer dan slegs 'n sirkel-redenasie (*petitio principii*). Tegelyk versand hierdie kriterium

ook in 'n *eindelose regressie* – het die meerderheid besluit dat die meerderheid besluit dat wat die meerderheid besluit die waarheid is, ens. ens.? Een van die "rhetorical ploys and fallacies" wat deur Bowell en Kemp bespreek word is die "fallacy of majority belief" (sien Bowell en Kemp, 2005:131 e.v.).

In die lig van Dooyeweerd se verwagting dat sy transendentale kritiek 'n duursame impak sou hê word die bydrae van die UV se department filosofie vervolgens nader toegelig.

5. Dooyeweerd se problematiese siening van die Gegenstandrelasie: Tekortkominge in sy transendentale kritiek

Dooyeweerd tipeer teoretiese denke met behulp van wat hy die *Gegenstandsrelasie* noem. Daarin word een of ander nie-logiese aspek van die werklikheid uitgelig en teenoor die logiese aspek van ons konkrete denkakt gestel (in ag genome dat konkrete denkakte in alle aspekte van die werklikheid funksioneer) (Dooyeweerd, 1997-I:39).

Immanuel Kant onderskei in sy *Kritiek van die Suiwere Rede* tussen 'n chaotiese menigvuldigheid sintuiglike indrukke wat deur ruimte en tyd (as uiterlike en innerlike psigiese aanskouingsvorme) voorlopig georden word, maar wat eers deur die toepassing van die kategorieë (begrippe) van die verstand, begelei deur die "ek dink" (*cogito*), tot 'n eenheid gebring word. Dit het egter geblyk dat Dooyeweerd by hierdie teenoor-mekaarstelling van die logiese en nie-logiese aansluiting gevind het.

Dooyeweerd tref 'n onderskeid tussen die subjek-objek relasie wat kenmerkend van ons nie-wetenskaplike ervaring is en die aard van teoretiese denke wat deur die *Gegenstandsrelasie* gekenmerk word. Die eerste probleem van die transendentale kritiek is gegee in die vraag wat in die teoretiese uiteen- en teenoor-mekaarstelling van die werklikheid geabstraheer word en hoe hierdie abstraksie moontlik is? (Dooyeweerd, 1997-I:41).

Wanneer Dooyeweerd oorgaan tot die formulering van die tweede probleem van sy transendentale kritiek stel hy dat ons vanaf die teoretiese antitese tot die teoretiese sintese tussen die uiteengestelde logiese en nie-logiese aspekte moet oorgaan indien 'n *logiese begrip* van die nie-logiese "Gegenstand" moontlik sal wees (Dooyeweerd, 1997-I:44).

Hieruit blyk ondubbelsinnig dat die aanvanklike teenoorstelling nog geen *begrip* van die nie-logiese aspekte insluit nie – dit geskied eers wanneer die sintese ter sprake kom. Bedink hierby dat Dooyeweerd analise nog in die tradisionele sin van *ontleed*, *uit-mekaar-haal* en *onderskeiding* verstaan, maar dat hy daarby nalaat om rekenskap te gee van die ander geleding van analise, naamlik *identifisering*. Die woord "abstrahering" verwys na dieselfde realiteit, want wie abstraheer moet *afsien van* (= onderskei) en *uitlig uit* (= identifiseer).

Om derhalwe enige nie-logiese aspek deur middel van abstrahering teenoor die logiese aspek te stel, moet die betrokke aspek *uitgelig* (*geïdentifiseer*) word en wel deur dit van ander aspekte (waarvan *afgesien* word) te *onderskei*. Die *identifisering* van enige (nie-logiese) aspek beliggaam egter niks minder as die vorming van 'n *begrip* van daardie aspek nie. Gevolglik is dit nie moontlik om enige nie-logiese aspek te abstraheer sonder om tegelyk 'n logiese begrip daarvan te vorm nie!

Ten opsigte van hierdie tweede transendentale probleem argumenteer Dooyeweerd vervolgens dat die uitgangspunt van die sintese nóg in die logiese, nóg in enige nie-logiese aspek gevind kan word, aangesien só 'n siening uitloop op die veelheid *ismes* wat in die wetenskap aangetref word – soos die materialisme, vitalisme, psigologisme, historisme en estetisisme. Dooyeweerd meen gevolglik dat 'n bo-modale uitgangspunt vir hierdie inter-modale sintese benodig word. Dit lei tot die derde transendentale grondprobleem wat naamlik vra: hoe is die kritiese selfrefleksie wat hier benodig word, met 'n konsentriese gerigtheid van teoretiese denke op die menslike self-heid, moontlik en wat is die ware aard daarvan? (Dooyeweerd, 1997-I:52).

Binne die kader van Dooyeweerd se siening van die *Gegenstandrelasie* bestaan daar drie moontlikhede vir die voltrekking van die *sintese* waarna gesoek word: dit kan in die logiese pool van die *Gegenstandrelasie* gevind word, in een of ander nie-logiese aspek of in 'n sentrale, bo-modale betrekkingspunt.

Vergelyk nou hierby die posisie van Paul Natorp (van die neo-Kantiaanse Marburg-skool – goed bekend aan Dooyeweerd) insake die verhouding tusssen logies en nie-logies. Hy oorweeg die moontlikheid van 'n derde verbindende instansie, maar neem ten slotte sy uitgangspunt in die *suiwer logiese aard* van ons denke:

> In geen geval kan daar meer sprake wees van 'n sintuiglike menigvuldigheid wat deur die denke, as agterna-komende tweede kennisakt, sinteties te verenig is nie. Hoe sou die sintuiglike menigvuldigheid tot 'n begripseenheid kom? Beide grondmomente, eenheid en menigvuldigheid, sou dan hoegenaamd nie homogeen wees nie, aangesien beide nie denk-momente is nie. Derhalwe kan hul verbinding ook nie suiwer in die denke as denke deurgevoer word nie, want die denke sal, om die sintetiese eenheid te kan voltrek, eers in verbinding moet tree met iets wat ekstern daaraan is, vreemd is, die 'sin', of daar moet 'n derde gegewe wees wat eers tussen beide die verbinding bewerkstellig. Maar so is dit in werklikheid nie, want in een en dieselfde oorspronklike denkakt ontspring met die bewussyn van eenheid tegelyk die van menigvuldigheid as beide eweseer denkmatige en in hul denkmatige bepaaldheid wederkerige bepalingswyses (Natorp, 1921:48).

Natorp worstel, net soos Kant en Dooyeweerd, met die onderskeiding tussen logies en nie-logies. Hy suggereer as derde opsie 'n verbinding wat beide pole (die logiese en die nie-logiese) te bowe gaan en dit is hierdie moontlikheid wat Dooyeweerd dan ontgin met sy idee van 'n bo-modale sentrale betrekkingspunt vir die intermodale sintese.

Ons het reeds opgemerk dat Dooyeweerd nie besef het dat die *uitlig* van 'n nie-logiese aspek, wat as *Gegenstand* teenoor die logiese aspek van die denkakt gestel word, reeds die betrokke aspek moes identifiseer en derhalwe reeds 'n *begrip* daarvan gevorm het nie. In latere formuleringe van die transendentale kritiek is dit "ons" wat die nie-logiese aspekte teenoor die logiese aspek stel (Dooyeweerd, 1997-I:39), maar in sy oorspronklike uiteensetting van 1941 lees ons: "In de *theoretische*, wetenschappelijke denkhouding daarentegen richt zich de logische analyse in de eerste plaats op de aspecten zelve. Deze worden door deze analyse theoretisch *uiteen-gesteld* in een theoretische *discontinuiteit* en uit den gegeven continuen, systatischen samenhang geabstraheerd" (Dooyeweerd, 1941:8).

Wat merkwaardig is in die uiteensetting van 1941 is dat die *uiteenstelling* van die aspekte deur die "logiese analise" teweeggebring word, maar dat hierdie logiese analise nie in staat geag word om

ook die verbinding van dit wat uiteengestel is te bewerkstellig nie – daarvoor word dan volgens Dooyeweerd skielik 'n inter-modale sintese benodig wat vanuit 'n bo-modale sentrale betrekkingspunt voltrek word (sien Dooyeweerd, 1996:15).

Die inherente tekortkoming van Dooyeweerd se formulering van die *Gegenstandrelasie* blyk egter ondubbelsinnig uit die feit dat die algemene formulering van die *Gegenstandrelasie* die *Gegenstand* tot die nie-logiese aspekte beperk. Die kritiese vraag is of ons teoretiese kennis van die logiese aspek kan verkry as die *Gegenstand* tot die nie-logiese aspekte beperk word? Op die twee plekke waar hy wel probeer verduidelik hoe daar in die teoretiese denkhouding tot kennis van die logiese aspek gekom kan word (NC-I:40 noot; NC-II:461-463), argumenteer hy dat kennis van die logiese aspek slegs verkry kan word deur dit teenoor al die nie-logiese aspekte te stel.

In 'n gesprek wat Danie Strauss hieroor in Amsterdam (Oranje Nassaulaan 13) op 14 Junie 1973 met Dooyeweerd en sy opvolger, Henk Hommes, gevoer het, het Hommes hierdie siening van Dooyeweerd verdedig met 'n beroep daarop dat die logiese denkfunksie altyd op *nie-logiese* stande van sake gerig is, soos onder meer te sien is in die identiteitsoordeel "reg is reg" – wat slegs moontlik is omdat "reg" 'n nie-logiese gegewe is. Danie Strauss se reaksie was onmiddellik: indien dit waar is, beteken dit dat ons die identiteitsoordeel "logies is logies" kan formuleer *as en slegs as logies nie-logies is*![14] In 'n meer resente samevatting van die onderliggende antinomie wat in die teorie van 'n *Gegenstandrelasie* opgesluit lê (Strauss, 2009:361-368) word on-logiese implikasies daarvan soos volg verduidelik: "Hommes argued that our logical function is always directed towards non-logical states of affairs. This constitutes the antecedent of the conditional statement: 'If only non-logical states of affairs can be (theoretically) analyzed (identified and distinguished in an 'inter-modal meaning-synthesis') then whatever is logical in nature cannot be (theoretically) analyzed.'" Die gevolgtrekking kan ook soos volg geformuleer word: "If only non-logical states of affairs can be (theoretically) analyzed (identified and distinguished), then the logical can be (theoretically) analyzed if and only if it is non-logical in nature" (Strauss, 2009:364).

14 Die probleme in Dooyeweerd se siening word uitvoerig in Strauss, 1984 behandel.

Hoewel Dooyeweerd besef het dat die menslike self-heid of ek-heid die logiese aspek te bowe gaan, het hy desnietemin in sy formulering van die *Gegenstandrelasie* 'n element van die Kantiaanse siening gekontinueer, want Kant se rasionalistiese vereenselwiging van die logiese subjektiwiteit van die mens met die modale struktuur van die logiese aspek (die *cogito* as menigvuldigheidslose eenheid wat alle denkakte begelei), het by Dooyeweerd daarop uitgeloop dat die logiese objeksy van die werklikheid deur die teoretiese denkhouding na die nie-logiese aspekte verplaas is.[15]

Sedert die jare sewentig tot op die hede het die kollegas verbonde aan die Department Wysbegeerte van die UV op 'n kreatiewe wyse die erfenis van die *Kosmonomiese Filosofie* uitgebou. Deurgaans is grondig in gesprek getree met eietydse strominge asook die geskiedenis van die filosofie.

J.H. (Kobus) Smit het Etiek doseer en onder meer oor *Etos en Etiek* asook *Kliniese Etiek* gepubliseer (sien Smit, 1985, 1992), terwyl P.J. (Johan) Visagie veral sedert 1983 sy *Argeologiese Diskoersteorie* ontwikkel het (sien Visagie, 1982, 1983:243 e.v., 1988 en 2005, asook 'n bondige samevatting van hierdie teorie in Strauss, 2009:368-370). Deurlopend in interaksie met hierdie kollegas het Danie Strauss in 2009 sy werk, *Philosophy*: *Discipline of the Disciplines* (PDD) die lig laat sien, waarin die nalatenskap van Dooyeweerd op talle punte uitgebou en verder genuanseer is (vgl. die bespreking van Cameron, 2012).

Tydens die *Internasionale Konferensie* wat by die Vrije Universiteit van Amsterdam (Nederland) in Augustus 2011 gehou is, het D.F.M. Strauss die *Dooyeweerd Prys* van die *Board of the Association for Reformational Philosophy* ontvang vir werk in die veld van die sistematiese filosofie wat die grootste bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die "Philosophy of the Cosmonomic Idea". Hierdie werk skenk aandag aan klassieke wysgerige probleme – soos die relasie tussen eenheid en verskeidenheid, universaliteit en

15 'n Alternatiewe siening, wat nie aan die agt punte van immanente kritiek skuldig is wat Strauss ten opsigte van die *Gegenstandrelasie* uitgelig het nie, moet juis aanknoop by die uitsprake van Dooyeweerd waar hy eksplisiet praat van die logiese objektivering van (nie-logiese) aspekte (sien Dooyeweerd, 1997-II:469-472. Vergelyk hierby ook die samevatting van hierdie kritiek in Strauss, 1973 (pp.128-129).

individualiteit, konstansie en dinamiek,[16] relasies en entiteite, wet en wetmatigheid, normatiwiteit en kontrariteit, vryheid en noodwendigheid asook aan uiteenlopende wysgerige reaksies hierop soos atomisme (individualisme), holisme (universalisme), rasionalisme (oorbeklemtoning van universaliteit) irrasionalisme (oorbeklemtoning van dit wat uniek-individueel is)[17] en realisme en nominalisme. 'n Nuwe sistematiese perspektief word in hierdie werk op klassieke probleme ontwikkel, byvoorbeeld 'n wiskundig-vrugbare herdefiniëring van die oneindige (teenoor die potensieel- en aktueel oneindige word die suksessief-oneindige en die opeens-oneindige gestel), terwyl ook 'n nuwe sistematiese verantwoording van die begrippe *natuurwet* en *norm*/*beginsel* gegee word.

Insgelyks word in hierdie werk 'n nuwe verdiepte inhoud aan die onderskeiding tussen *begrip* en *idee* gegee en wel deur te onderskei tussen *begripskennis* en *begripstransenderende kennis*. Terme wat in een of ander modale aspek hul oorspronklike tuiste vind kan gebruik word om na gegewens wat binne die grense van die betrokke aspek verskyn te verwys. Dan word dergelike terme *begripsmatig* gebruik. Wanneer dieselfde terme egter aangewend word om na gegewens wat die grense van die betrokke aspek te bowe gaan te verwys, ontmoet ons 'n idee-gebruik van sulke terme. Laasgenoemde word ook as *begripstransenderende* kennis aangedui ("concept-transcending knowledge"/*idee*-kennis).

Wanneer op hierdie wyse na 'n idee-gebruik van die unieke sin van die eerste vier aspekte verwys word, kan waarskynlik die vier mees basiese uitsprake wat ons wysgerig oor die werklikheid kan maak geformuleer word:

16 Die insig van Plato dat verandering slegs op basis van konstansie vasgestel kan word, is verdiep deur Galilei (in sy wet van inersie) en deur Einstein (wat eintlik in sy spesiale relatiwiteitsteorie 'n teorie van konstansie formuleer, aangesien alle beweging relatief is tot die snelheid van lig *c* wat 'n konstante bogrens daarstel). Deur hierdie onderskeiding aan die unieke eie-aard van die kinematiese aspek (konstansie) en die fisiese aspek (verandering/dinamiek) te koppel kan selfs 'n meer eksakte formulering van die eerste hoofwet van die termodinamika gegee word, en wel deur dit aan te dui as die wet van *energie-konstansie*.

17 Opmerking: waar die individualisme (atomisme) en universalisme (holisme) die vraag na 'n *vergelykingsnoemer* (*grondnoemer*) betref, gaan dit by die rasionalisme en irrasionalisme oor die verhouding tussen universeel en wat individueel is – eersgenoemde erken slegs universele begripskennis en laasgenoemde plaas alle klem op begripstransenderende kennis van wat uniek en kontingent is.

(i) alles is uniek;
(ii) alles hang met alles saam;
(iii) alles is konstant; en
(iv) alles verander.

Globaal-gesproke het die Departement Filosofie aan die UV derhalwe konstruktief omgegaan sowel met die aard en probleme van Dooyeweerd se transendentale kritiek as met die implikasies van sy denke vir 'n nie-reduksionistiese ontologie – iets wat deurlopend in solidêr-kritiese gesprek met ander denkers en strominge in die filosofie gedoen is.

Ten slotte moet opgemerk word dat daar onlangs drie nuwe filosowe, met 'n agtergrond in kontinentale filosofie, in die Departement Filosofie diens aanvaar het, met name Helen Cawood, Pieter Duvenhage (Departementshoof) en Johann Rossouw.

6. Slotopmerking

Die fokus van hierdie artikel is gegee in die waardering van *die plek en betekenis van die Universiteit van die Vrystaat (UV) in die tradisie van die "Kosmonomiese Filosofie".* Dit het geblyk dat daar in twee departemente aan die UV akademici aangestel is wat binne die kader van die *Kosmonomiese Filosofie* gewerk het. Dit het aanleiding gegee tot kritiese gesprekke rondom Dooyeweerd se transendentale kritiek asook die behandeling en verdere uitbouing van verskeie sistematiese insigte en onderskeidinge. Terloopse uitstappies na historiese agtergronde is ineen-geweef met saaklike uiteensettings van gegewens wat relevant geag is met betrekking tot die verdere ontwikkeling van hierdie wysgerige tradisie. Waar Dooyeweerd van mening was dat sy transendentale kritiek duursaamheid sou besit, is die outeur van hierdie bydrae daarteenoor oortuig dat die werklike vrugbare deel van Dooyeweerd se nalatenskap by uitstek in sy bydrae tot 'n nie-reduksionistiese ontologie gesoek moet word.

Bibliografie

BARNARD, L. & FOURIE, F.C.v.N. 2006: *Van Sink tot Sandsteen*, *Die Eerste 100 Jaar van die Universiteit van die Vrystaat*. Kaapstad: Alinea Studio.

BODIN, J. 1981. *Sechs Bücher über den Staat*, Buch I-III. Übersetzt und mit Anmerkungen versehen von Bernd Wimmer, Eingeleitet und

herausgegeben von P.C. Meyer-Tasch. München: Verlag C.H. Beck.
BOS, J. 1961. Willem Bilderdijk als wijsgerig Historivormer. In: Van Dijk, Stellingwerf, De Boer, Dengerink, Groen, Leeuwis, Mojert, Puchinger en B.J.F. Schoep, pp228-240.
BOWELL, T. & KEMP, G. 2005. *Critical Thinking*, *A Concise Guide*. London: Routledge & Kegan Paul.
CALVYN, J. 1931. *Institutie* (3 Vols – Vert.: A. Sizoo), Delft: NV W.D. Meinema.
CAMERON, A. 2012. Review of Strauss, D.F.M., 2009, Philosophy: Discipline of the Disciplines,Grand Rapids: Paideia. *Philosophia Reformata*, 77(1):85-91.
DE VLEESCHAUWER H.J. 1952. *Handleiding by die Studie van die Logika en die Kennisleer*, Pretoria: Uitgewery J.J. Moerau & Kie.
DOOYEWEERD, H. 1930. Kuyper's Wetenschapsleer. *Philosophia Reformata*, 4(4):193-232.
DOOYEWEERD, H. 1940. The Problem of Time in the Philosophy of the Cosmonomic Idea I. *Philosophia Reformata,* 5(4): 193-234
DOOYEWEERD, H. 1941. De transcendentale critiek van het wijsgeerig denken en de grondslagen van de wijsgeerige denkgemeenschap van het avondland. *Philosophia Reformata*, 6(1):1-20.
DOOYEWEERD, H. 1996. Christian Philosophy: An Exploration, In: *Christian Philosophy and the Meaning of History*. Lewiston/ Queenston/Lampeter: The Edwin Mellen Press. [Hierdie artikel is 'n Hoofstuk in *Verkenningen*, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam 1962. Dit het eers in Scientia in 1956 verskyn – W. de Haan, Zeist, 1956, pp.127-159.]
DOOYEWEERD, H. 1997. *A New Critique of Theoretical Thought*, Co-lected Works of Herman Dooyeweerd, A Series Vols. I-IV, Gen. Ed. D.F.M. Strauss. Lewiston: Edwin Mellen.
GADAMER, H-G. 1998. *Truth and Method*. Second, Hersiene Ultgawe. New York: Continuum.
GOULD, S.J. 2002. *The Structure of Evolutionary Theory.* Cambridge, Massachusetts: The Belknap Press of Harvard University Press.
KOCK, P. de B. 1970. *Christelike Wysbegeerte – Standpunte en Probleme* 1. Bloemfontein: Sacum.
KOCK, P. de B. 1970. *Christelike Wysbegeerte*. Bloemfontein: Sacum.
KUYPER, A. 1891. *The Problem of Poverty*. Edited by James W. Skillen. Grand Rapids: Baker Book House.
KUYPER, A. 1907. *Ons Program*. Hilversum: Hoveker & Wormser (eerste druk 1879).
KUYPER, A. 1916. *Antirevolutionaire staatkunde*; *met nadere toelichting op Ons Program*. Kampen: Kok.

KUYPER, A. 1932. *De Gemene Gratie*. Drie Dele. Kampen: Kok (oorspronklike uitgawe 1902-1905).
MEYER-TASCH, 1981. *Einführung in Jean Bodins Leben und Werk*. In: Bodin (1981:11-79).
NATORP, P. 1921. *Die logische Grundlagen der exakten Wissenschaften.* 1ste uitg. 1910. Leipzig: BG Teubner (1969 herdruk van die 1921-uitgawe Wiwsbaden: Sändig).
POPPER, K. 1966. *The Open Society and its Enemies*, Vol. I & II, London: Routledge & Kegan Paul.
ROUSSEAU, J.J. 1975. *Du Contrat Social et Autres Oevres Politiques.* Paris: Uitgawe Garnier Fréres.
SMIT, J.H. 1985. *Etos en etiek***.** Bloemfontein: Patmos.
SMIT, J.H. & Uys, L. 1992. *Kliniese etiek*: *'n christelike benadering*. 2de druk. Kenwyn: Juta.
STEGMÜLLER, W. 1969. *Metaphysik*, *Skepsis*, *Wissenschaft* (eerste uitgawe 1954). Berlin/New York: Springer.
STOKER, H.G. 1933. *Die Nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit van Amsterdam*. Pretoria: De Bussy.
STOKER, H.G. 1933. *Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee*. Pretoria: De Bussy.
STRAUSS, D.F.M. 1971. Nabetragting oor kardinale momente in die gesprek met die heer André du Toit, Vrydag 30 Julie 1971. Ongepubliseerde manuskrip (drie bladsye – elektronies in PDF formaat op navraag by dfms@cknet.co.za beskikbaar).
STRAUSS, D.F.M. 1984. An analysis of the structure of analysis (The Gegenstand-relation in discussion). *Philosophia Reformata*, 49(1):35-56.
STRAUSS, D.F.M. 2009. *Philosophy*: *Discipline of the Disciplines*. Grand Rapids: Paideia.
STRAUSS, D.F.M. 2011. Relasiebegrippe in die lig van die vraag of Einstein in die eerste plek 'n 'relatiwiteitsteorie' ontwikkel het. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie,* 30(1). http://www.satnt.ac.za/index.php/satnt/article/view/28.
STRAUSS, H.J. 1953. *Christelike Wetenskap*, *Roeping en Stryd*. Bloemfontein: Sacum.
STRAUSS, H.J. 1955. Teenstander van die Christelike Wetenskap. *Die Gereformeerde Vaandel*, Deel XXIV, Junie 1955:13-20.
STRAUSS, D.F.M. *Begrip en Idee.* Assen: Van Gorcum & Comp. B.V.
VAN PEURSEN, C.A. 1995. Dooyeweerd en de wetenschapsfilosofische discussie. In: *Dooyeweerd herdacht*, uitgegee deur J. De Bruin. Amsterdam: VU-Uitgeverij. pp.79-94.
VENTER, E. A. 1955. *Die ontwikkeling van die Westerse denke*; *'n oorsig van die geskiedenis van die filosofie gedurende 26 eeue*. Bloemfontein: Sacum.

VENTER, E. A. 1956. Transendentale Kritiek en Fenomenologiese Openheid. *Die Gereformeerde Vaandel*, Deel XXIV, Junie:18-29.
VENTER, E. A. 1970. *Wysgerige Temas*. Bloemfontein: Sacum.
VISAGIE, P.J. 1982. Some Basic concepts concerning the idea of Origin in Reformational Philosophy and Theology. *Journal for Christian Scholarship*, (1&2): pp.1-13.
VISAGIE, P.J. 1983. Wet en Interpretasie. 'n Studie van die idee van Kosmiese Begrensing in die Christelike Wysbegeerte. Proefskrif, UOVS. Bloemfontein (Promotor: D.F.M. Strauss).
VISAGIE, P.J. 1988. Methods and levels of archeological discourse analysis – with special reference to J. Derrida. *Interim*, 9:45-71 (Publikasie van die *Interdisciplinary Research Unit for Studies in the Philosophy of the Academic Disciplines*).
VISAGIE, P.J. 2005. Applying some philosophical tools to the theme of relativity and relativism. *Acta Academica*, *Supplementum*, (2):134-158.
VOLLENHOVEN, D.H. 1933. *Het Calvinisme en de Reformatie van de Wijsbegeerte*. Amsterdam: H.J. Paris.